

Beste Huiseenaar

STAD KAAPSTAD SE TUISKOMPOSTERINGSPROGRAM – AANSOEK OM TUISKOMPOSTERINGSHOUER

Die Stad het begin met 'n innoverende tuiskomposteringsprogram om soveel as moontlik huishoudelike organiese afval uit grondopvulterreine weg te hou. Jy kan hierby betrokke raak deur aansoek te doen om 'n tuiskomposteringshouer, en so die toestand van jou grond verbeter en jou eie kompos maak.

Die proses:

1. E-pos jou ondertekende aansoekvorm na Wastewise@capetown.gov.za of dien dit in by jou naaste subraadskantoor of instapsentrum. Onthou om 'n afskrif van jou ID aan te heg.
2. Na goedkeuring van jou aansoek sal die volgende aan jou uitgereik word:
 - 'n Komposteringshouer;
 - 'n 2 ℓ-houer waarin jy jou daaglikse organiese kombuisafval kan bêre voor jy dit komposteer; en
 - Die betrokke programinligting.
3. Die Stad sal die houer binne 30 kalenderdae by jou huis aflewer.

Let wel:

Hierdie bykomende diens **kos jou niks nie**.

Daar is egter kwalifiserende kriteria waaraan jy moet voldoen:

- Dit is slegs vir enkelwonnings en deeltiteelhede bedoel.
- Slegs huiseenaars kan aansoek doen.
- Die eiendom moet 'n veilige toe tuin hê.
- Die tuin moet oor minstens 1 m² oop grond (waar die houer geplaas kan word) en minstens 30 m² grasperk, plante of ander groenigheid beskik.

Bepalings en voorwaardes

Aansoekers moet tot die bepalinge en voorwaardes instem voor 'n tuiskomposteringshouer uitgereik sal word. **(As jy dit nie doen nie, sal die houer nie afgelewer word nie.)**

- Die houer mag net vir tuiskomposteringsdoeleindes gebruik word.
- Dit is die aansoeker se verantwoordelikheid om die houer veilig te bewaar. Gesteelde en/of gebreekte houters sal nie binne die eerste vyf jaar vervang word nie.
- Net een tuiskomposteringshouer sal per kwalifiserende eiendom uitgereik word.
- Die onus rus op die aansoeker om die Stad in kennis te stel as die jou kontakinligting en/of residensiële ligging verander.
- Die aansoeker kan gevra word om terugvoering te gee, insluitend oor die geskatte volumes wat gekomposteer is, soos en wanneer die Stad dit nodig het. Om te monitor of die houer wel nuttig gebruik word, kan die projekbestuurder 'n afspraak maak om dit te sien.

LW: Deur die verklaring op die aansoekvorm te onderteken, bevestig jy as aansoeker dat jou eiendom aan die kwalifiserende kriteria voldoen en jy tot die bepalinge en voorwaardes hierbo instem.

Vir nog inligting kontak:

Hulpsentrum - **0860 103 089** of Wastewise@capetown.gov.za



CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

